**AFRIKAANS – *"Anti Smoke"***

# Verlossing van Rook




"Wys my asseblief die euwel van rook?" vra iemand. Ons antwoord hom as volg:

Een van die sewe dodelike sondes is begeerlikheid. Begeerlikheid is 'n sinstrelende, onvergenoegde lus; 'n ontembare, sterk verlange, 'n bose hartstog. Die menslike liggaam het geen behoefte aan enige soort tabak nie. Tabak is nie 'n versadigende voedsel nie, maar wel 'n giftige onkruid wat 'n onvergenoegde drang altyd vermeerder en laat aangroei tot dit in tabaksug verander. Begeerlikheid is een van die sewe dodelike sondes wat genoem word: Ongebondenheid, begeerlikheid, toornigheid, gulsigheid, hoogmoed, afguns, hebsug. Die feit dat amper almal rook, is geen verskoning of verontskuldiging van die boosheid daarvan nie. "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie, want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." (Rom. 3:10,23). "Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop." (Jes. 53:6). Omdat 'n sekere euwel algemeen geword het, is geen verskoning vir ons om ook daaraan oor te gee nie.

God veroordeel onnodige en sondige verkwisting. "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie?" (Jes. 55:2). Dit is sekerlik sonde voor God om geld, tyd en gesondheid te spandeer op drank, tabak, of ander nadelige dinge. Die miljoene ponde wat tabakfirmas verryk is 'n stywe som om te betaal vir rook en as; vir ontstemde senuwees en gebroke harte; vir seer kele; vir lugpypontsteking en vir dood aan longkanker! Die feit dat 'n Superintendent van 'n Londonse hospitaal verklaar het dat oor 100,000 mense van Engeland al in onkunde aan longkanker deur sigaretrook in die afgelope twintig jaar gesterwe het, bewys dat dit boos is. Hy beweer ook dat daar ten minste nog 250,000 in die volgende dekade, stadig sal sterwe as gevolg van hierdie sondige gewoonte. Nog meer skokkende syfers van ander dele oor die wêreld kon

gegee word, en selfs die mediese wetenskap begin besef watter geweldige boete die tabakslagoffers alreeds betaal. Die tabakroker, in besonder die een wat die rook inasem, is besig om stadig maar seker op paaiementsgewyse, selfmoord te pleeg. "Die man wat na veertig of vyftig jaar sterwe aan een of ander kwaal van agteruitgang wanneer hy tot die ouderdom van 79, 80 of 100 jaar kon gelewe het, is net so skuldig aan selfmoord as die een wat die gassproeier aandraai," skryf Dr. H. Bress.

## HOE TABAK DOOD

Menige mense wat al jare aan melaatsheid ly, sterwe tog uiteindelik aan iets anders, soos kanker, longontsteking, enige hartsiekte, ens. Tabak doen dieselfde, dit dood onregstreeks en spring vry van enige blaam. "Sigaretrook het 'n geweldige aksie in die senuweesentrum, wat 'n agteruitgang van die selle van die harsings bewerkstellig, en dit is taamlik vinnig onder seuns. Geen seun of man wat rook kan in my laboratorium werk nie." Th. A. Edison. "Bekeerlinge in die kerk val gou terug as hulle nie tabak laat staan nie." J. McAuley. " 'n Kind wat van 'n sigaretrokende moeder gebore word, is gewoonlik siek omdat dit vergif is en mag binne twee weke na geboorte sterwe. Die lykskouing bewys die agteruitgang van die lewer, hart en ander organe. Sestig persent van alle kinders wat van rokende moeders gebore word, sterwe vroeg, meestal voordat hulle twee jaar oud is." Dr. Ch. L. Barber.

Vaders en moeders, as moordenaars van hulle eie kroos, sal voor God verantwoording moet doen op die dag van oordeel. Ek sal nie verbaas wees as wat ons in Eségiël 8:17-18 lees, net soveel betrekking op die boosheid van rook het, as die snuif van tabak: "Hulle het die land met geweld gevul en My nog meer geterg. En kyk, hoe hulle die boomtak by hulle neus hou!" "Daarom sal Ek ook in grimmigheid handel; my oog sal nie verskoon nie, en Ek sal nie spaar nie; en al roep hulle hardop voor my ore, nogtans sal Ek na hulle nie luister nie." 'n Heilige God verfoei hierdie wierook, gebrand aan die modegod, die (tabak) god van hierdie wêreld."

Kerkmense sou enigiemand wat in die kerkgebou tydens 'n diens rook, veroordeel. Miskien was u nog nooit geleer dat vandat Christus Sy liggaam gegee het om gekruisig te word en weer uit die graf opgestaan het, Hy nou ons liggame en harte gekies het, wat, as hulle deur die kosbare bloed van Jesus gereinig is, en gevul is met die Heilige Gees, Sy tempel is. "Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort." (1 Kor. 6:19,20). "Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers om in sy begeerlikhede daarvan gehoorsaam te wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde, as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God

as mense wat uit die dode lewendig geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God." (Rom. 6:12,13). "As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die temple van God is heilig, en dit is julle." (1 Kor. 3:16,17). Waarom probeer die mens dan die tempel wat hulle gemaak het skoonhou, maar hulle besoedel gewilliglik hulle liggame wat God as Sy tempel gekies het?

## TABAK EN SATAN

'n Sekere stadsraadslid van die Oranje Vrystaat, 'n goeie vriend van my, het hom tot Christus bekeer en sy lewe aan God toegewy. Hy was dadelik van drank verlos maar het nog 'n slaaf van tabak gebly. Dikwels het hy die rook probeer los en moeite gedoen om dié slegte gewoonte te oorwin, maar verniet. Hy het nou en dan selfs die sigarette, pyp en tabak weggegooi, net om die volgende oggend, op pad kantoor toe, by die eerste winkel waar hulle tabak verkoop, 'n nuwe voorraad aan te koop. Meer en meer het hy begin besef dat hy geweldig verslaaf was aan hierdie onkruid en het mismoedig en radeloos begin word.

Op 'n koue wintersaand was hy alleen in die huis en het langs die vuur in sy sitkamer, met pyp in die mond gesit. Hy het gewelding skaam gevoel dat hy nog aan sy pyp verslaaf was en het gewonder of hy dit nie maar weer in die vuur moes gooi nie. As hy dit sou doen, het hy geweet dat hy maar net die volgende oggend weer 'n nuwe pyp sou moes aanskaf. Hy het baie ernstig oor die saak gedink en toe hy skielik opkyk, het hy hom lamgeskrik om die duiwel met 'n spotlag op sy gesig in die hoek van die kamer te sien staan. Dit was asof dié vir hom wou sê: "Ek het jou styf vasgebind, jy kan my nie ontvlug nie!" Dit was alles so werklik dat hy dadelik op sy knieë geval het met die groot ontnugtering dat hierdie begeerte na rook niks anders as die duiwel se bande is nie. Hy het na God geroep om hom tog daarvan te verlos. Sy gebed is verhoor en God het hom totaal verlos sodat hy na hierdie ondervinding nooit weer vir 34 jaar gerook het nie, waarna hy hemel toe geroep is.

Iemand vra: "Mag 'n Christen rook?" "Nee, is die antwoord." " 'n Christen moet brand en nie rook nie." 'n Rokende lamp gee 'n armsalige, aanstootlike lig. "Laat julle ligte brand," het Jesus gesê. 'n Groot boek kan geskrywe word om die euwel van rook van die geestelike, morele, fisiese en ekonomiese standpunt te bewys. Rook, net soos dranksug of enigiets anders waarin 'n mens die begeerlikhede van die vlees verlustig, is 'n selfsugtige wellus. Dit dwing ander mense — kinders ingesluit — wat die vars lug waardeer, om gedurig onrein, rookbelaaide lug te moet inasem. Ons praat nie eers van die walglike reuk wat die roker versprei waar hy oral rondbeweeg.

## VERLOSSING !

Die waarheid van Rom. 7:15-25 kan ook toegepas word op tabakslawe

van enige vorm: “Want wat ek wil, dit doen ek nie… Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van hierdie lewenslange gebondenheid; van hierdie gedurige lus; van hierdie onbevredigende honger?” Erken en bely voor God dat die vuil gewoonte van rook werklik sondig is in die oë van God. Hy wat sy oortredinge bedek sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind. (Spr. 28:13). As ons sê dat ons geen sonde het nie en dat rook nie sonde is nie dan mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig wat in ons is wat ook die sonde van rook insluit. (1 Joh. 1:8-9). As ons die sondigheid van rook erken dan het ons hierdie spesifieke sonde geoordeel en dit veroordeel. Sodoende het ons God se kant gekies en hulp vir onsself verseker. As u nie gewillig is om die gewoonte van rook te klassifiseer as sonde en dit te behandel as sulks nie, sal u nie daarvan verlos word nie.

Jesus het gekom om ons van alle gebondenhede te verlos; van elke bose begeerte; van elke vorm van slawerny; om ons konings en priesters in Sy koninkryk te maak. Christus het gekom om ons nuwe skepsels te maak met rein lippe en harte. Niks wat besmet is sal die hemel ingaan nie. Fisiese dood stel ons nie vry van vuil gewoontes nie, want die laaste hoofstuk in die Bybel verklaar: “Hy wat vuil is sal vuiler word.” (Opb. 22:11). Dit is belangrik dat u ernstig sal bid oor hierdie saak. Bid vuriglik. Moenie ontmoedig word nie. Beroep u op God vir verlossing van hierdie slawerny. Roep sonder ophou. Versoek Sy hulp en Hy sal u verlos. Sonder ’n stryd is daar geen oorwinning nie maar met Christus is u seker van oorwinning. Gee u lewe aan Christus oor en Hy sal u vrymaak. “Want wie die Seun vrygemaak het, sal waarlik vry wees.” (Joh. 8:36). As u nie op u eie oorwinning deur Christus kan kry nie, probeer dan in aanraking kom met een of ander leraar of enige persoon wat u kan help en saam met u kan bid. Weerstaan die tabakduiwel en hy sal van jou vlug. Wees gevul met die ware vuur van die Heilige Gees en alle rook sal ophou. U sal as ’n oorwinnaar, ’n verloste slaaf, die lewe tot die volste kan geniet.

---

**As u deur ons Evangelielektuur saligheid in Christus gevind het, of andersins seën daaruit ontvang het, laat ons asseblief weet. Ons wil graag die Here saam met u daarvoor dank, en u verder in ons gebede onthou.**

**Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan:**


EMAIL: info@angp.co.za

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**

**POSBUS 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**

**(’n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)**

**(Reg. No. 1961/001798/08)**